


# WAT JY OOR DIE **CORONAVIRUS MOET WEET**



## **HOE KAN DIE VIRUS STOPGESIT WORD?**

Daar is stappe wat jy kan neem om te keer dat jy die virus opdoen, en om die verspreiding daarvan stop te sit.



**Daar is op die oomblik nie medisyne beskikbaar wat die virus kan afweer of behandel nie. Gewone medisyne kan die simptome behandel en diegene wat geïnfekteer is gemakliker maak terwyl hul immuunstelsels die virus beveg.**

**Die beste opsie is om te probeer om nie siek te word nie deur:**

- Jou hande te was
- Te weet wat jou MIV-status is, en om MIV- en TB-medisyne te neem as jy dié siektes het
- Die griepinenting te kry

**'n Weggooibare gesigmasker te dra as jy siek is weens die koronavirus, of iemand versorg wat siek is.**